

19 Desember

Skrifgedeelte: Filippense 1:3-11 (NAV)
Fokusgedeelte: Filippense 1:6

Dankbaarheid is geleë in wat God doen

Sal ek in die geloof en geloofslewe kan aanhou tot aan die einde van my lewe, ook as moeilike omstandighede kom? Dis 'n vraag wat menige gelowige al gevra het. Tragies, maar waar: gelowiges ontvang die heerlikste beloftes uit die hand van die *Here*, maar dink dan dat dit in *hulle* hande is om dit waar te maak. Nee, dit mag nie só wees nie.

As Paulus aan die gelowiges in Filippi dink, dank hy God vir hulle – vir hulle meewerking aan die uitdra van die evangelie. Maar eintlik is die diepste rede vir sy dankbaarheid nie geleë in wat hulle self doen nie. Dit is geleë in wat God doen! Hulle betrokkenheid by koninkrykswerk is.

“Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom”, sê hy. God se goeie werk vir ons het begin toe Hy Jesus Christus gestuur het om ons van sonde en hel vry te koop. God se goeie werk in ons het begin toe Hy sy Heilige Gees gestuur het om ons te wederbaar, tot geloof en bekering te bring – om (al meer) te leef soos Hy wil.

Dis die enigste rede waarom 'n mens dit kan waag om te sê dat jy sal kan aanhou glo. Die belydenis is immers nie 'n stelling wat jy maak oor jou eie standvastigheid nie, maar oor die vastigheid van God se beloftes aan jou. Dit is nie 'n uitspraak oor hoe sterk jou geloof is nie, maar dis 'n belydenis oor die sterke God in Wie jy glo. Dis nie 'n beoordeling van enige vermoë wat jy self het om stewig aan God vas te hou nie, maar 'n belydenis van God se vermoë en belofte om jou styf vas te hou.

Sing: Psalm 33:6 (1936)

Ds. HC van Rooy (Randburg)